| Plak asseblief die strepieskode-etiket hier |
|---|

**TOTALE PUNTE**

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# BESIGHEIDSTUDIES

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur

300 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 40 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Alle vrae is **VERPLIGTEND**.
3. Lees die vrae noukeurig deur.
4. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die spasie wat op die vraestel voorsien is, te skryf.**
5. Waar van toepassing, demonstreer insig wanneer die vrae beantwoord word. **Jy kan na enige klere kleinhandelbesigheid wat jy vanjaar bestudeer het, verwys.**
6. Jy word aangeraai om besondere aandag aan taal en die **toekenning van punte te gee**.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
8. Vier blanko bladsye (bladsy 37 tot 40) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

**SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK**

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | 7A (LOD) | | |
| | | | | | 7B (HOD) | | |

## AFDELING A

## VRAAG 1

Dui die **mees korrekte** antwoord aan deur die letter van die gekose opsie in die spasie te skryf wat onderaan die bladsy voorsien is.

1.1 'n Modekleinhandelaar kan maklik 'n handelslisensie bekom. Dit verwys na die … as 'n krag van Porter se Kragtemodel.

A bedreiging van nuwe toetreders tot die mark
B bedreiging van plaasvervangerprodukte
C mag van mededingers
D mag van die kopers (2)

1.2 Modekleinhandelaars handel in die … sektor, aangesien hulle onder andere in klerevervaardiging spesialiseer.

A primêre
B tersiêre
C ekonomiese
D sekondêre (2)

1.3 Modekleinhandelaars het gehalte- … toegepas wanneer hulle die totale uitset van elke taak teen gespesifiseerde standaarde gemeet het.

A beheer
B versekering
C prestasie
D vervanging (2)

1.4 Die proses om 'n werknemer se vaardighede en vermoëns by die vereistes van 'n pos te pas, word … genoem.

A werwing
B keuring
C plasing
D induksie (2)

1.5 Modekleinhandelaars kry te doen met uitdagings van die … faktor as 'n PESTLE-element wanneer geld by 'n bank geleen word indien rentekoerse gunstig is.

A ekonomiese
B politieke
C maatskaplike
D regs- (2)

| 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

IEB Copyright © 2024

1.6 'n Modekleinhandelaar het die … diversifikasiestrategie toegepas toe hy materiaalversagmiddel bygevoeg het om nuwe klante na sy produklyn te lok.

A konsentriese
B horisontale
C konglomerasie-
D vertikale (2)

1.7 Besighede kan … gebruik as 'n bron van interne werwing om beskikbare poste wat geadverteer is, te vul.

A mondelinge werwing
B professionele verenigings
C werksverskaffingsagentskappe
D netwerke (2)

1.8 Modekleinhandelaars het gereelde maatreëls en prosedures gevestig om produkdefekte te verhoed. Dit verwys na … as 'n element van totale gehaltebestuur.

A voldoende finansiering en kapasiteit
B deurlopende vaardigheidsontwikkeling
C monitering en evaluasie van gehalteprosesse
D totale klanttevredenheid (2)

1.9 Johan het 'n voorafbetaalde bedrag ontvang, wat in 'n … belê is tot hy die ouderdom van 65 bereik.

A vaste deposito
B aandeel
C aftree-annuïteit
D ekwiteit (2)

1.10 Donasies ontvang deur maatskappye sonder winsbejag verwys na die … wat gebruik word om die organisasie te bedryf en daaglikse werksaamhede uit te voer.

A belasting
B kapitaal
C verspreiding van wins
D wetgewing (2)

| 1.6 | 1.7 | 1.8 | 1.9 | 1.10 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

1.11 'n Mode-ontwerper het vals opbrengste by die belastingowerheid ingedien. Dit staan bekend as …, 'n tipe onetiese besigheidspraktyk.

A belastingontduiking
B onbillike reklame
C belastingvermyding
D misbruik van werkstyd (2)

1.12 Spanleiers implementeer … as 'n maatreël vir suksesvolle spanprestasie deur gereelde terugvoering aan hul lede te gee.

A samewerking
B kommunikasie
C gedeelde waardes
D interpersoonlike gesindheid en gedrag (2)

1.13 Pieter, die bestuurder van 'n modekleinhandelaar, gebruik die … leierskapstyl wanneer hy werknemers motiveer deur hulle te help om die betekenis van hul werk te verstaan.

A outokratiese
B demokratiese
C laissez-faire
D charismatiese (2)

1.14 Hierdie tipe organisasiestruktuur maak vinnige besluitneming en snel vloei van gesag moontlik.

A Funksionele organisasiestruktuur
B Lyn- en personeelorganisasiestruktuur
C Projekorganisasiestruktuur
D Tradisionele organisasiestruktuur (2)

1.15 'n Unieke simbool verteenwoordig 'n sekere maatskappy en dit behoort aan die maatskappy.

A Geleentheid
B SAUK
C Reklame
D Intellektuele eiendom (2)

| 1.11 | 1.12 | 1.13 | 1.14 | 1.15 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

IEB Copyright © 2024

1.16 Hierdie probleemoplossingstegniek oorweeg die dryfkragte en trekkragte wat verandering sal ondersteun of terughou.

A Kragveldontleding
B Dinkskrum
C Delphi-tegniek
D Waardekettingontleding (2)

1.17 'n Tipe arbeidsoptrede wanneer werkgewers werknemers verhoed om die werkplek te betree.

A Sloerstaking
B Invloedswerwing
C Staking
D Uitsluiting (2)

1.18 'n Modekleinhandelaar het hul gebou vir R80 000 verseker. Die werklike waarde van die gebou is R100 000. Brandskade het R50 000 beloop. Bereken wat die vergoeding vir die verlies sal wees.

A R100 000
B R80 000
C R62 500
D R40 000 (3)

1.19 'n Modekleinhandelaar word geraak deur veranderings in mode. Dit is 'n voorbeeld van 'n …

A versekerbare risiko.
B nie-versekerbare risiko.
C bedryfsrisiko.
D versekering. (2)

1.20 Die proses waarvolgens 'n besigheid ophou om te funksioneer en alle bates verkoop om skulde te betaal.

A Likwidasie
B Solvensie
C Markpenetrasie
D Ontbondeling (2)

| 1.16 | 1.17 | 1.18 | 1.19 | 1.20 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

IEB Copyright © 2024 

1.21 Die proses om 'n situasie te ontleed ten einde strategieë te identifiseer wat gebruik kan word om die situasie te verander.

A Spanwerk
B Kreatiewe denke
C Hulpbronontleding
D Amalgamasie (2)

1.22 Markpenetrasie is 'n … wat fokus op die verkoop van … produkte in … markte.

A laerisiko-strategie, bestaande, bestaande
B mediumrisiko-strategie, bestaande, nuwe
C hoërisiko-strategie, nuwe, nuwe
D mediumrisiko-strategie, nuwe, bestaande (3)

1.23 Watter een van die volgende is nie 'n plig van die menskapitaalafdeling nie?

A Personeelontwikkeling en -opleiding
B Toepassing van dissiplinêre prosedures
C Identifisering van klanttendense
D Prestasiebeoordelings (2)

1.24 'n … reik 'n instruksie uit oor hoe konflik opgelos moet word wat regsbindend op die betrokke partye is.

A Arbiter
B Bemiddelaar
C Onderhandelaar
D Franchisegewer (2)

| 1.21 | 1.22 | 1.23 | 1.24 |
|---|---|---|---|
| | | | |

**[50]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 2

Kies die mees korrekte antwoord van die terme wat in onderstaande tabel verskaf is en die beste pas by die stellings wat volg. Skryf slegs die **korrekte term** in die ruimte neer wat onder elke stelling verskaf is.

**LET WEL: Daar is slegs een korrekte antwoord vir elke stelling.**

| | | |
|---|---|---|
| Duiwelsadvokaat | Arbiter | Nasionale Kredietwet |
| Sekondêre Staking | Bestuurder | Strategies |
| Akkommodasie | Leier | Voorwaartse Integrasie |
| Subrogasie | Grieweprosedure | Bedanking |
| Werkloosheidsversekering | Standaardisasie | Uitdiensstelling |
| Takties | Horisontale Integrasie | Pikketering |
| Beroepsbeserings en -siektes | Behoud | Situasionele |
| Transformasie | Terugwaartse integrasie | Normstelling |
| Dissiplinêre prosedure | Samewerking | |

2.1 Wanneer 'n modekleinhandelaar besluit om 'n ander modekleinhandelaar te koop om groter beheer oor die aanbod van klere te kry, staan die strategie bekend as …

________________________________________ (2)

2.2 'n Onselfsugtige benadering in konflikoplossing waar die behoeftes van 'n ander party bo jou eie gestel word.

________________________________________ (2)

2.3 Die …-fonds is 'n verpligte voordeel wat korttermyn finansiële bystand aan werknemers bied wat hul werk weens siekte verloor.

________________________________________ (2)

2.4 'n Modekleinhandelaar implementeer die … leierskapteorie, aangesien die besigheid in 'n dinamiese omgewing funksioneer wat deur voortdurende verandering gekenmerk word.

________________________________________ (2)

2.5 Die tipe ontslag wanneer die werkgewer die besigheid se behoeftes in oënskou neem om wins te verhoog of verlies te beperk, wat tot personeelvermindering lei.

________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2024

2.6 'n Tipe arbeidsoptrede waar werknemers staak ter ondersteuning van 'n ander staking.

___

(2)

2.7 Die proses waar die besigheid sy metodes om 'n taak te verrig in oënskou neem en dit met metodes wat deur ander maatskappye gebruik word, vergelyk.

___

(2)

2.8 Die HUB van 'n wêreldwye klerewinkel is by hierdie tipe beplanning betrokke.

___

(2)

2.9 Dit is noodsaaklik dat die bestuurder soms doelbewus op hierdie wyse optree om konflik te skep, aangesien dit tot "groepsverbinding" kan lei omdat hulle hul gemeenskaplike belange wil verdedig.

___

(2)

2.10 'n Besigheids- of spanpersoon fokus op stelsels en strukture eerder as mense.

___

(2)

2.11 Hierdie prosedure kan gevolg word om 'n geval van verbale mishandeling van die sekretaresse deur haar bestuurder op te los.

___

(2)

2.12 Besighede wat goedere op krediet aanbied, moet by die … geregistreer wees.

___

(2)
**[24]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 3

Kies die **korrekte term** tussen hakies om elke stelling te voltooi. **Onderstreep** of **merk met 'n neonpen** jou keuse duidelik.

3.1 **(Ontdoening / Diversifikasie)** is die verkoop van sommige bates wat nie meer winsgewend is nie.

3.2 **(Posbeskrywing / Posspesifikasie)** beskryf die pligte en verantwoordelikhede van 'n spesifieke pos.

3.3 **(Strategie / Doelwitte)** is 'n langtermynplan van aksie om 'n visie te bereik.

3.4 Die doel van 'n **(induksieprogram / onderhoud)** is om die persoonlike eienskappe van 'n kandidaat te evalueer.

3.5 Die aandele van 'n **(openbare / private)** maatskappy is nie vrylik oordraagbaar nie.

3.6 'n Skriftelike uitnodiging aan die publiek om aandele in 'n openbare maatskappy te koop, word 'n **(prospektus / vestigingsprosedure)** genoem.

3.7 **(Kreatiwiteit / Innovasie)** is 'n handeling om nuwe idees in werklikheid te omskep.

3.8 **(Solvensie / Likiditeit)** beskryf die gemak en spoed waarmee beleggers 'n belegging in kontant kan omskakel.

3.9 Die **(awery klousule / sessie)** stipuleer dat die versekerde nie ten volle vergoed sal word vir 'n verlies as die bates vir minder verseker is as hul volle vervangingswaarde nie.

3.10 'n **(Leier / Bestuurder)** kommunikeer deur interaksie met werknemers.

3.11 'n Klerewinkel het **(markontwikkeling / markpenetrasie)** geïmplementeer as 'n intensiewe strategie toe hulle 'n tweede tak in 'n ander stad oopgemaak het.

3.12 Wanneer 'n bestaande handelsmerk gebruik word om 'n nuwe produk bekend te stel in dieselfde of soortgelyke mark staan dit bekend as **(handelsnaamverbreding / handelsnaamuitbreiding)**.

3.13 **(Globale bewustheid / Organisatoriese bewustheid)** is 'n bestuursbevoegdheid wat vereis dat die bestuur bewus moet wees van interne en eksterne faktore wat die besigheid se sukses kan affekteer.

**[13 × 2 = 26]**

**100 punte**

## AFDELING B

## VRAAG 4

4.1 'n Besigheidstrategie help 'n klerekleinhandelaar om sy rigting en fokus te bepaal. Sonder 'n duidelike strategie kan 'n besigheid maklik sy doelwitte uit die oog verloor en sy aandag deur daaglikse aangeleenthede afgelei word. 'n Goed omskrewe strategie verseker dat almal in die organisasie in ooreenstemming is en na 'n gemeenskaplike doel werk.

4.1.1 Beskryf wat 'n doeltreffende strategiese proses nodig het vir 'n besigheid om sy doelwitte te bereik.

(6)

IEB Copyright © 2024

4.1.2 Bespreek enige **EEN** tipe defensiewe strategie wat 'n besigheid kan gebruik om uitdagings in die eksterne omgewing die hoof te bied.

(5)

4.1.3 Adviseer 'n klerewinkel oor die stappe wat hulle moet oorweeg wanneer hulle hul strategieë evalueer.

(5)

IEB Copyright © 2024

4.2 Identifiseer die elemente van totale gehaltebestuur (TGB) wat 'n modekleinhandelaar in ELKE geval hieronder toegepas het:

4.2.1 Verseker korrekte en effektiewe opleidingsprogramme om werknemers op te lei.

___________________________________________ (1)

4.2.2 Gesonde finansiële bestuurspraktyke toegepas deur hul surplusfondse te belê om meer wins te maak.

___________________________________________ (1)

4.2.3 As hulpbronne wat tans in 'n taak gebruik word nie waarde toevoeg nie, sal hulle die taak uitkontrakteer of termineer.

___________________________________________ (1)

4.2.4 Beplan, evalueer en verbeter personeelprestasie.

___________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2024

4.3 Met behulp van voorbeelde, definieer die verskille tussen **gehaltebestuur** en **gehalteprestasie**.

(8)

4.4 Adviseer klerewinkels oor die impak van totale gehaltebestuur (TGB) indien besighede dit **swak** implementeer.

(6)

4.5 Bespreek met behulp van 'n aparte voorbeeld vir elk hoe en wanneer 'n klerewinkel die volgende strategieë sal gebruik:

4.5.1 Samesmelting

(4)

4.5.2 Lae koste

(4)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SANNIE'S DESIGNS**

Sannie's Designs is goed bekend vir haar modieuse vroue-ontwerpe. Sy laat haar span toe om onafhanklik te werk solank hulle aan haar sakebeleide voldoen.

*Fiktiewe insetsel*

4.6.1 Identifiseer Sannie se leierskapstyl. Motiveer jou antwoord.

(2)

4.6.2 Evalueer die impak om die leierskapstyl te gebruik wat in Vraag 4.6.1 geïdentifiseer is.

(6)
**[50]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 5

5.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **Style Station** |
|---|
| Style Station is 'n maatskappy wat verskillende kinderklere verkoop. Die maatskappy betaal gereeld groot boetes omdat hulle nie hul belastingopgawes betyds betaal nie. |

*Fiktiewe insetsel*

5.1.1 Noem die besigheidsfunksie wat op bostaande scenario van toepassing is.

________________________________________

(1)

5.1.2 Verduidelik ander gehalte-aanwysers van die besigheidsfunksie wat in Vraag 5.1.1 genoem is.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

(4)

IEB Copyright © 2024 

5.2 Adviseer besighede oor hoe die volgende faktore tot die sukses en/of mislukking van 'n vennootskap bydra:

5.2.1 Die bestuur

(4)

5.2.2 Stigtingsprosedure

(4)

IEB Copyright © 2024

5.3 Motiveer die keuse van 'n openbare maatskappy bo 'n private maatskappy as 'n vorm van eienaarskap.

(10)

5.4 Lees die fiktiewe scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**FASHION WORLD**

Fashion World weet dat spanwerk 'n baie belangrike deel is van om suksesvol te wees. Hul lede kritiseer egter mekaar se idees, aangesien hulle almal vir die spanleier se posisie meeding. Uiteindelik waardeer spanlede mekaar se verskille en kan onafhanklik werk.

*Fiktiewe insetsel*

5.4.1 Identifiseer **TWEE** fases van spanontwikkeling wat op Fashion World van toepassing is. Motiveer jou antwoord.

(4)

5.4.2 Verskaf enige **TWEE** kriteria vir suksesvolle spanprestasie.

(2)

IEB Copyright © 2024

5.4.3 Verduidelik hoe die volgende positief tot die prestasie van 'n span kan bydra of hoe dit prestasie kan belemmer:

(a) Vooroordeel

(4)

(b) Kulturele diversiteit

(4)

IEB Copyright © 2024

5.5 Stel maniere voor waarop besighede die volgende onprofessionele besigheidspraktyke kan hanteer.

5.5.1 Seksuele teistering

(5)

5.5.2 Ongemagtigde gebruik van werkplekfondse en -hulpbronne.

(4)

5.6 Hoe kan besighede *deursigtigheid* as 'n King Kode-beginsel vir goeie korporatiewe bestuur toepas?

(4)

**[50]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 6

6.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**FAITHWEAR BOUTIQUE ZAMBIË**

Faithwear Boutique wil hul surpluswins in korporatiewe maatskaplike beleggings- (KMB) projekte belê. Die bestuur van Faithwear Boutique is gretig dat hul werknemers ontwikkel ter wille van persoonlike groei. Hulle wil ook landelike ontwikkeling prioritiseer sodat die uittog van mense na stede beperk word.

*Fiktiewe insetsel*

6.1.1 Noem **TWEE** fokusgebiede van korporatiewe maatskaplike belegging wat op Faithwear Boutique in bostaande scenario van toepassing is.

(2)

6.1.2 Bespreek die uitwerking van KMB op gemeenskappe.

(6)

6.2 Stel maniere voor waarin besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek stimuleer.

(8)

IEB Copyright © 2024

6.3 Verduidelik hoe 'n modekleinhandelaar sy besigheidspraktyke professioneel, verantwoordelik, eties en effektief moet uitvoer.

(6)

6.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TOP FIT CLOTHING**

Top Fit Clothing vervaardig aktiewe drag. Hulle wil verkope verhoog en oorweeg 'n gesamentlike promosie met Elite Active, 'n plaaslike fiksheidsentrum.

*Fiktiewe insetsel*

6.4.1 Noem die bemarkingskomponent wat Top Fit Clothing oorweeg.

(1)

6.4.2 Verduidelik die doel van die bemarkingskomponent wat in Vraag 6.4.1 geïdentifiseer is om verkope te verhoog.

(4)

6.4.3 Verduidelik hoekom dit noodsaaklik is dat besighede van elektroniese bemarking gebruik maak.

(5)

6.4.4 Daar kan ook negatiewe gevolge wees indien besighede elektroniese bemarking gebruik. Bespreek kortliks die nadele van elektroniese bemarking.

(4)

IEB Copyright © 2024

6.5 Dit is noodsaaklik dat klerekleinhandelaars goeie voorraadbeheer het. Bespreek die belangrikheid van voorraadbeheer.

(6)

6.6 Lees die volgende scenario en beantwoord die vraag wat volg.

**Mr Price (Edms.) Bpk.**

Mr Price (Edms.) Bpk. is 'n suksesvolle maatskappy, maar wil nou omskakel na 'n openbare maatskappy sodat hulle genoteer kan word. Dit sal hulle in staat stel om die publiek uit te nooi om aandele te koop.

*Fiktiewe insetsel*

Noem enige instelling wat verantwoordelik is vir die notering van openbare maatskappye.

(1)

6.7 Hoekom is *beleggingsdiversifikasie* 'n belangrike konsep?

(3)

IEB Copyright © 2024

6.8 Identifiseer die tipe beleggingsgeleenthede wat deur 'n klerewinkel gebruik word in ELKE stelling hieronder en evalueer die impak van ELKE vorm van belegging wat geïdentifiseer is.

6.8.1 Hulle het R50 000 vir ses maande teen 12%-rente by 'n finansiële instelling belê.

(2)

6.8.2 Hulle het dividende vir hul aandeel van eienaarskap in Pep Stores Bpk. ontvang.

(2)

**[50]**

**150 punte**

IEB Copyright © 2024

## AFDELING C

**Die volgende aspekte sal in aanmerking geneem word wanneer punte in hierdie vraag toegeken word.**

- Formaat:
  - Die KORREKTE formaat moet gebruik word, d.i. besigheidsverslag.
  - Waar van toepassing, sluit 'n inleiding en gevolgtrekking in.
  - Gebruik opskrifte en onderopskrifte waar nodig.
- Terminologie: Korrekte besigheidsterminologie moet gebruik word.
- Inhoud: Inhoud moet voldoende wees om alle aspekte van die vraag te dek.
- Stawing: Staaf alle stellings wat gemaak word.
- Toepassing op gevallestudie / konteks / tema.
- Gebruik liewer probleemoplossing as om bloot net teoretiese feite te gee.
- Sintese en toepaslike opeenvolging.

## VRAAG 7

**Bestudeer die volgende bronne en beantwoord dan die vraag wat volg:**

### BRON A




[<https://images.search.yahoo.com/search/images;_ylt=AwrEs35BZ kxmZx8UHhaJzbkF;_ylu>

### BRON B




[<https://images.search.yahoo.com/search/images;_ylt=Awrir2w8Z0 xmoxMN2wGJzbk>]

**BRON C**

**Onthou dat jou perspektief net een van baie is**

Ons kom almal na die werkplek met verskillende standpunte en waardes. Ons verskil dalk oor alles van of dit reg is om vyf minute laat vir 'n vergadering te wees tot aanvaarbare maniere om 'n kollega te onderbreek tot die toepaslike gevolge vir iemand wat 'n fout gemaak het. Dit is nie realisties om te verwag dat jou baas, spanmaats of verslae die heeltyd met jou sal saamstem nie.

[<https://hbr.org/2022/09/how-to-navigate-conflict-with-a-coworker>]

Waar daar mense is, sal daar altyd konflik wees. Bestuurders moet konflik billik, suksesvol en verstandig by die werkplek hanteer. Bestuurders moet konflik verstaan en ook weet hoe om verskillende konfliksituasie op te los.

**Vereis:**

'n Vooraanstaande klerekleinhandelaar het jou genader om te help om konfliksituasies in die werkplek te bestuur.

Skryf 'n besigheidsverslag aan die bestuurder van die klerekleinhandelaar waarin jy moontlike konfliksituasies in verskeie besigheidsfunksies identifiseer. Verskaf gedetailleerde strategieë aan die verskillende bestuurders wat gebruik kan word om hierdie situasies te vermy en te oorkom.

Sluit 'n volledige bespreking in van hoe menskapitaalprosedures en -beleide gebruik kan word om konfliksituasies te vermy of te bestuur.

**[50]**

IEB Copyright © 2024

**50 punte**

**Totaal: 300 punte**

IEB Copyright © 2024

## ADDISIONELE SPASIE (ALLE VRAE)

**ONTHOU OM DUIDELIK DIE VRAAG WAARVOOR JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK AAN TE DUI OM SEKER TE MAAK ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2024 

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024